# Hervormingsdag – 31 Oktober 1517!

## Ecclesia reformata, semper reformanda est

**Maandag 31 Oktober 2022**

**Rom 1:17**

"In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."

In die Middeleeue was die kerk op 'n baie groot dwaalspoor. Aflaatbriewe is deur die Rooms Katolieke Kerk verkoop sodat mense daardeur vergewing van hulle sondes kon verkry. *(Aflaatbriewe was 'n brief wat jy koop en betaal met jou naam op en jou afgestorwenes se name waardeur julle siele kwansuis gered kon word.)*

Maartin Luther (1483-1546) was 'n Roomse priester wat getrou was in die wette en reëls en kerklike tradisies van die Rooms Katolieke Kerk. Hy het egter 'n baie groot worsteling in sy gemoed gehad omdat hy nie vrede kon kry vir sy siel nie. Hy kon nie die hoë eise van die Bybel nakom nie en daarom het hy bly worstel in sy geloof. Eendag toe hy besig was om die Bybel te bestudeer het hy weer **Rom 1:16,17** gelees en het God vir hom 'n lig laat opgaan. **"Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."**

Luther het toe tot bekering gekom en besef alles is genade. Verlossing is genade. Die mens word alleen salig deur genade en nie deur verdienste nie, nog minder deur geld daarvoor te betaal.

Ons as mense is egter sondaars. Ons is voortdurend geneig om sonde te doen daarom moet ons onsself voortdurend, biddend bekeer voor God. Ook elke kerk moet voortdurend haarself aan God se Woord toets en biddend kyk of die kerk op die regte pad is.
Daarom die bekende Latynse uitspraak "Ecclesia reformata, semper reformanda est" wat beteken dat die kerk haarself voordurend moet toets aan die Woord van God en moet reformeer, bekeer, terugkeer na die pad wat God van ons vra.

Hoe dit gedoen word is ook om aan die **vyf Reformatories uitroepe vas te hou:**

| | | |
|---|---|---|
| **Sola Scriptura** | **- Die Woord alleen** | Ps 119:89-105 (105); 2 Tim 3:4-17; Heb 4:12 |
| **Sola Gratia** | **- Slegs uit genade alleen** | Joh 6:47-51; Ef 2:8-10; 1 Joh 5:1-5 |
| **Sola Fide** | **- Deur die geloof alleen** | Joh 1:14-18; 1 Kor 15:9-10; Open 1:4-6 |
| **Solus Christus** | **- Deur Christus alleen** | Ef 1:3-6; Open 1:7-8; Open 5:1-14 |
| **Soli Deo Gloria** | **- Aan God alleen die eer** | 1 Pet 1:3-6; Ps 148;1-14; Rom 11:33-36 |

Laat ons daarom elke dag reformeer en biddend die Woord van God lees en bestudeer.
Laat ons God dien soos wat Hy in sy Woord aan ons openbaar en leer.
Laat ons leef uit die ryke genade van Jesus Christus se soenverdienste aan die kruis.
Laat ek leef soos wat God wil hê ek moet leef.
Alleen die Woord, die Genade, die Geloof en Christus en daarom aan God alleen al die eer.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***